**Donderdag 28 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 103; HK Sondag 4, Vraag 11**
**Fokusgedeelte: Psalm 103:8**

## God is barmhartig

Die barmhartigheid van God word deur sommige as ’n openbaring van sy goedheid of goedertierenheid gesien. Ander sien dit as ’n openbaring van sy liefde. Eintlik is dit nie ’n probleem nie, aangesien God se goedheid, liefde en barmhartigheid mekaar tot ’n baie groot mate oorvleuel. So word die woorde wat in die 1953-vertaling met *goedertierenheid* vertaal is, in die 1983-vertaling op baie plekke met *liefde* of *troue liefde* vertaal (vgl. Ps. 63:4). Daar is ook verse waar dit met *barmhartigheid* vertaal kon word (vgl. Rom. 2:4). Dit staan in elk geval in ’n baie nou verband met *barmhartigheid* (Matt. 9:13; Luk. 1:53, 54).

By wyse van omskrywing sou ’n mens die goedertierenheid van God kon aandui as die blywende, neerbuigende, troue, genadige liefde, barmhartigheid en goedgesindheid van God as ons Verbondsgod teenoor ons as sy kinders ter wille van die soenverdienste van Christus. Kortweg sou ’n mens daarna kon verwys as die *troue liefde* van God.

Hierdie troue liefde van God word aangedui as barmhartigheid wanneer dit aan mense in ellende en nood betoon word. Dit vestig die aandag op die innerlike bewoënheid van God as Hy die mens in sy sondenood sien. Treffend word dit in vers 13 soos volg aangedui: *“Soos ’n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor die wat Hom dien.”*

So gesien, sê die Here in Psalm 103 aan ons dat sy barmhartigheid oor sy kinders só groot is dat dit nie gemeet kan word nie. Die *hoogte* daarvan is so groot soos die afstand tussen hemel en aarde (vs 11). Die *breedte* daarvan is so ver as wat die ooste van die weste verwyder is (vs 12). Die *tydsduur* daarvan is van ewigheid tot ewigheid (vs 17, 1953-vertaling).

Die liefde en barmhartigheid wat God aan ons bewys, is só groot dat dit vir ons sondige mens totaal onmeetbaar is. Dit is die liefde en barmhartigheid wat God in groot heerlikheid aan ons betoon het in die soenverdienste en verlossing deur Jesus Christus. Dit is ook die liefde wat God in ons harte uitgestort het deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het (Rom. 5:5).

In die lig hiervan moet ons ook Paulus se gebed verstaan as hy aan die Efesiërs skryf: *“Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God”* (Ef. 3:18, 19).